GESELSBRIEF

'n Gespreksgeleentheid vir gelowiges wat nuut, reformerend en veranderend wil saam praat oor eenheid, verskeidenheid en eendersheid

ONS GESELS VOORT

Augustus 2016

Soos genoem in die inleidende ***GESELSBRIEF*** van Junie 2016 is daar by die Gespreksforum van 9 April vanjaar ooreengekom dat ons drie werkgroepe sal stig wat kan bydra om die Gereformeerde Kerkverband te help om weer sy voete te vind.

Die Kommunikasie werkgroep is reeds aan die gang en hierdie uitgawe is die tweede ***GESELSBRIEF*** wat die werkgroep uitgee. Soos ooreengekom sal dit in die toekoms die medium wees waarmee ons onderlinge kontak kan hou.

Die brief sal so dikwels verskyn as wat daar nuus uit die Kerkverband na vore kom waarvan ons almal kennis kan neem. Verskeie medewerkers is ook reeds gevra om deel te wees van die nuusspan. As jy bewus is van ontwikkelinge in jou geweste waarvan ons almal kennis moet neem, moet asb. nie huiwer om die nuus aan te stuur nie. Hoe beter ingelig ons is, hoe meer doeltreffend kan ons funksioneer.

Die Sinodebesluite werkgroep (werkgroep 2), waaroor ons besluit het, was die een wat ons sal lei in die opstel van `n versoek dat die **vorige besluite wat die Sinode oor die vrou in die ampte (VIDA) geneem het, hersien moet word.** Hierdie werkgroep gaan ook `n motivering opstel vir herbesinning van die besluit om die saak van VIDA as sogenaamd **wesentlik** te bevind. Die uitkoms van hierdie studie sal aan gemeentes wat belangstel, `n konsep dokument gee wat hulle kan gebruik as voorlegging aan hul onderskeie klasses vir deurstuur aan die Sinode van 2018.

Die Eenheid en Verskeidenheid werkgroep (werkgroep 3), sal `n studie doen oor die begrippe, **Eenheid en Verskeidenheid**. Ons verstaan daarvan, asook die aard van die balans tussen die begrippe, kan God se Kerk opbou of laat kwyn. Daarom sal die werkgroep ook ondersoek instel na die gebruik van die Kerkorde in hierdie delikate balans. Die uitkoms van hierdie studie sal as `n beskrywingspunt kan dien wat gemeentes via hul onderskeie klasses aan die Sinode van 2018 kan voorlê.

Ons is baie dankbaar vir die goeie reaksie op die uitnodiging in ons eerste ***GESELSBRIEF***, om saam te gesels oor sake wat ons bekommer, en veral ook oor voorstelle vir die hantering van die uitdagings wat daarmee saamgaan. Ongeveer 10 persone per werkgroep het na vore gekom.

Die eerste byeenkoms vir albei werkgroepe is beplan vir **Saterdag, 10 Sept. om 09:00 by Wapadrant. Werkgroep 2 vergader 09:00 en werkgroep 3 om 13:00.**

Theuns Erasmus

INHOUDSOPGAWE

Ons gesels voort 1
Theuns Erasmus

Oopgesprek 2
'n Wesentlike saak?
Prof Amie van Wyk

Uit alle oorde
Noordrand 3
Linden 3
Wapadrant 4

NGB Artikel 7 5

Dit laat my wonder.... 5

Thea Heckroodt van Wapadrant koördineer die kommunikasie inisiatief.

Stuur nuusbrokkies aan haar by
geselsbrief@gkwapadrant.co.za

OOPGESPREK

Wanneer is ‘n kerklike saak ‘n wesentlike saak?

Die besluit van die Algemene Sinode in Januarie vanjaar (2016) dat die saak van die vrou in die amp – dat dit nié mag nie – ’n wesentlike saak is, het die penne en gedagtes in snelle beweging gebring. Wanneer is ’n saak ’n wesentlike saak en wanneer nié? Wanneer is dit ’n middelmatige saak wat aan die vryheid van plaaslike gemeentes oorgelaat kan word?

Gereformeerde kerke oor die wêreld staan in die tradisie van die groot kerkhervormer Johannes Calvyn en dit is insiggewend om na die oorwegings van hierdie kerkvader te gaan kyk. Wat dadelik opval, is dat Calvyn ruim gebruik maak van die onderskeiding tussen wesentlike (fundamentele) en middelmatige sake. Hy doen dit ten opsigte van die christelike lewe (bv. die dra van soorte klere), ten opsigte van liturgiese sake (bv. hoe die nagmaal gevier word), en selfs – verbasend genoeg - ten opsigte van die christelike leer (bv. foute in die bediening van die leer of die sakramente). Natuurlik wil Calvyn nie hiermee dwalings verdedig nie, maar hy wil nie hê dat “ons die kerk vanweë sekere rusietjies onbesonne moet verlaat nie as die leer waarop ons saligheid ongeskonde berus, daarin net veilig en ongedeerd behou word”. As voorbeelde van wesentlike sake noem hy die volgende”: dat daar een God is, dat Christus God is en die Seun van God en dat ons saligheid op God se barmhartigheid berus. Calvyn was diep begaan oor die eenheid van die kerk van Christus en was selfs bereid om tien oseane oor te steek om ‘n konferensie hieroor by te woon soos aartsbiskop Thomas Cranmer beoog het. Calvyn skryf aan Cranmer dat kerklike verdeeldheid gereken moet word onder “die slegste euwels van ons epog.”

Wesentlike sake is myns insiens sake soos: God is Skepper en Voleinder, Jesus Christus is Verlosser en Here, die Heilige Gees is Helper en Vernuwer. Hierdie belydenissake lê op ’n ander vlak as sake soos: die vrou moet ’n hoed opsit as sy ’n erediens bywoon; almal moet staan as daar in ’n erediens gebid word; by die nagmaal mag net ongesuurde brood en rooi wyn gebruik word; vroue-stemreg is verkeerd; dans is sonde; kremasie is sonde; kaartspel is sonde ensovoorts.

In die huidige debat oor die Sinodebesluit is twee sake van belang: hoe belangrik is die eenheid van die kerk van Christus vir ons en hoe interpreteer ons die Bybel (veral ten opsigte van die swyggebod vir vroue)? Is dit waar dat elke saak waarvoor Skrifbewyse aangevoer kan word, ’n wesentlike saak is? Vir baie lank het die GKSA op grond van die Skrif (1 Kor. 11:5) geoordeel dat ’n vrou ’n hoed na ’n erediens moet opsit. Was dit dáárom ’n wesentlike saak, ’n saak waarby die kerk staan of val? Vir baie jare het die GKSA op grond van die Skrif geoordeel dat vroue nie mag stem nie, nie in die politiek nie en nog minder in die kerk. Vandag verstaan ons, onder leiding van die Gees (Joh. 16:13), die Skrif anders op hierdie punt. Al hierdie sake, besef ons vandag, is almal middelmatige sake. Die eenheid van die kerk van Christus, wat ’n sentrale tema in die hele Nuwe Testament is, is net te belangrik dat verskil van mening oor hierdie sake die kerk mag skeur.

Lidmate van Wapadrant weet dat hierdie gemeente sedert 2006 besluit het om vrouens in die amp (ook van ouderling) te bevestig, ’n besluit wat tans in spanning verkeer met die Sinodebesluit van 2016. Hierdie aangeleentheid is tans verskerp deurdat Klassis Pretoria Moot ’n beskrywingspunt goedgekeur het dat kerke wat wél die vrou in die amp bevestig, hulle van ander kerke in die kerkverband “afgeskei het” en “nie meer as kerke in die Gereformeerde kerkverband erken (kan word) nie” en dat met daardie kerke dus “alle kerklike verbande verbreek word.” Die Klassis beroep hom op die Sinodebesluit dat ons hier met ’n wesentlike saak te doen het, maar die vraag is of die Sinodebesluit korrek is. In ’n breedvoerige studie wat dr Douw Breed en professore Fika Janse van Rensburg en Jorrie Jordaan in 2008 onderneem het, getitel *Manlik en Vroulik in die Kerk,* kom hulle tot die konklusie dat elk van die twee sienings – ja en nee – hulle met ewe veel reg op die Skrif kan beroep.

In ’n hoofartikel van *Die Kerkblad* van Maart 2016 skryf prof Callie Coetzee dat ons hier nie met “’n belydenissaak” te doen het nie – ’n standpunt wat hy later herhaal. Die Moot beskou egter die Sinodebesluit van soveel belang dat alle kerke wat nie daarmee saamstem nie, hulleself van die GKSA afgeskei het – die eerste sodanige besluit in die geskiedenis van die GKSA waarvan ek bewus is.

Dit is baie belangrik om by elke Skrifverklaring daarmee rekening te hou om elke teks Christologies, dit wil sê vanuit Christus, te verstaan (Luk. 27:44; Heb. 1:1-2). En ook telkens te vra: bevorder hierdie saak die koninkryk van God (Matt. 6:33)?

Dit is interessant dat twee susterskerke in die buiteland ook besluit het om vrouens tot al die ampte toe te laat: die Nederlandse Gereformeerde Kerken en die Christian Reformed Church in North America.

(vervolg op bl 3)

Die implikasie van die Moot se besluit is dat hierdie kerkgemeenskappe hulle outomaties van die GKSA afgeskei het.

Die vraag is nou: hoe nou verder, want die Kerkorde bevat geen klinkklare artikel wat sodanige konfliksituasie reël nie?

Wapadrantgemeente het besluit om, terwyl groot erns gemaak word met die eenheid van die kerk en kerkverband, 'n gespreksforum te skep waar voortgaande Skriftuurlike besinning in die kerkverband kan plaasvind. Die eenheid van die kerk is immers 'n wesentlike saak en ons Belydenis ken geen ander onderskeid as dié tussen 'n ware en valse kerk en "niemand mag hom van (die ware kerk) afskei nie" (NGB art 29).

Die ideaal is: Eenheid in die wesentlike; mildheid in die middelmatige; in alles: liefde.

Mag die Heilige Gees die kerk op hierdie weg lei.

Prof Amie van Wyk

UIT ALLE OORDE

Gereformeerde Kerk Noordrand
Die Vrou in Besondere Ampte

In **2006** neem die kerkraad van Noordrand, na oorweging van die besluite van vorige sinodes – van 1988-2006 – in die verband EN in die lig van bykomende motivering uit die Skrif, belydenis en kerkorde, 'n besluit oor die vrou in die besondere ampte (sien 1 hieronder).

Die besluit is as beskrywingspunt volgens die korrekte kerklike prosedure voorgelê by die Algemene Sinode van **2009** waar dit nie behandel is nie. Sinode 2009 besluit egter dat vroue nie in die besondere dienste van **predikante en ouderling** mag dien nie.

Noordrand maak beswaar teen hierdie besluit en weer word dit deur die korrekte prosedures te volg voorgelê by die Algemene Sinode van **2012** waar dit nie behandel word nie.

Op 28 Julie besluit die Kerkraad van Noordrand soos volg:

1. In die lig van herbesinning oor die saak en in die lig van al die inligting hierbo herbevestig die kerkraad sy besluit van 2006 dat:
   1.1 die dien van die Here in die besondere ampte in die lig van die Skrif nie op grond van geslag beperk of begrens word nie;
   1.2 gelowiges – mans en vroue – wat deur die Here geroep en met die gawes daarvoor toegerus word, in die gemeente in die besondere ampte kan dien.
2. Dat hierdie besluit van die kerkraad aan Klassis Wesrand deurgegee (art 33 KO) word, met die versoek dat dit ook aan ander kerke in die GKSA gekommunikeer sal word (art 48 KO)

Kerkraad Noordrant

Die Gereformeerde Kerk Linden
Besinning oor die Kerkorde

GK Linden se probleme met die letterlike en wettiese toepassing van die Kerkorde loop sy eie pad vanweë 'n appèl wat al in 2009 teen die gemeenteboumodel begin het en steeds nie opgelos is nie.

Aangesien ons tans in gesprek is met die Deputate van die Algemene Sinode en Streeksinode, lewer ek op hierdie stadium liewer nie enige kommentaar oor Linden se pad nie. Ons kan wel getuig van liefdevolle verhoudinge in ons baie diverse Klassis (Classis Greater Johannesburg).

In die Klassis is daar myns insiens 'n goeie verstaan dat die Kerkorde in baie opsigte ontoereikend en verouderd is om hedendaagse uitdagings in gemeentebou, die hoof te bied.

Laasgenoemde blyk duidelik uit die feit dat die Klassis geruime tyd terug 'n beskrywingspunt aanvaar het waarin elke gemeente gevra word om sy gemeentemodel voor te lê, sodat ons by mekaar kan leer en ook om kommentaar te lewer oor terreine waarop van die letterlike bewoording van die Kerkorde afgewyk word. Al die gemeentes in die Klassis het nou reeds hulle modelle voorgelê en op een uitsondering na, wyk elke gemeente op een of ander wyse af van die letterlike bewoording van die Kerkorde of verontagsaam 'n sinodebesluit.

Die sogenaamde ongehoorsaamheid aan die Kerkorde behels 'n verskeidenheid van sake soos die sing van liedere wat nie deur die Sinode goedgekeur is nie, toelating van vroue tot die diens van ouderling, en die feit dat in verskeie gemeentes, gelowiges toelaat word om die Woord te bedien al is hulle nie toegelate predikante van die GKSA nie.

Deputate is nou aangewys om, soos dit in die Klassis se besluit gestel is, met "out of the box" – besinning na vore te kom rakende die Kerkorde. Die deputate moet ook nuut besin oor die bewoording van die Openlike Verklaring en van kredensiebriewe.

Linden is dankbaar om deel te wees van 'n Klassis waarin ons ervaar dat daar liefde en begrip vir

(Vervolg op bl. 4)

mekaar is en waarin ons streef om saam in Jesus se Koninkryk in bediening te wees. Ons beleef ook dat 'n verbintenis om gehoorsaam te wees aan die Groot Opdrag (Matt 28:18-20) ons verenig met 'n gemeenskaplike doel. Mag daar altyd plek in ons Klassis wees vir enige gemeente wat sy bedieningsmodel op die Lewende Woord bou en onder leiding van die Gees daaroor wil getuig!

Dr Jacob Pretorius

Gereformeerde Kerk Wapadrant (GKWPR) Standpunt en Openbaarmaking

Die standpunt van GKWPR oor die besondere diens van die vrou in alle ampte is wyd bekend. Na die Buitengewone Algemene Sinode 2016 het die GKWPR op 24 Januarie 2016 hulle besluit dat persone, ongeag geslag, in al drie die ampte bevestig mag word, herbevestig. Spesiale visitatore, wat reeds deur Klassis Oostelike Pretoria aangewys was, het daarna advies aan GKWPR gegee. Byna al die advies wat deur die visitatore gegee is, is deur GKWPR aanvaar. Die visitatore het onder andere ook geadviseer dat die Kerkraad van GKWPR hom sal hou aan die besluit van die Algemene Sinode 2009 aangaande vroue in die besondere dienste. Die Kerkraad het hierdie aanbeveling nie aanvaar nie. Hulle voer as motivering daarvoor aan dat dit vir hulle 'n gewetensaak voor God is.

Op grond van verdere advies van die visitatore het GKWPR 'n skrywe gerig aan Klassis Oostelike Pretoria waarin hulle versoek dat hulle standpunt en onderneming kragtens Art 48 KO aan die kerkverband bekend gemaak word. Die Klassis het op sy vergadering van 30 Mei 2016 hul skrywe ter tafel geneem en besluit om uitvoering te gee aan die versoek van GKWPR om hul standpunt en onderneming aan die kerkverband bekend te maak.

Openbaarmaking deur die GKWPR by afvaardiging na meerdere vergaderings. *(met dankbaarheid grootliks ontleen uit 'n dokument wat deur die GK Benoni opgestel is)*

Die kerkraad en afgevaardigdes van die GK Wapadrant bevestig hiermee dat ons volledig verbonde is aan die GKSA en ons eenheid met die kerkverband graag wil handhaaf. Ons aanvaar in hierdie verband die openlike verklaring van hierdie vergadering, wat insluit die verbondenheid afsonderlik of saam met ander kerkrade, die saak aan Skrif, belydenis, Kerkorde en liturgie.

Dit is egter vir ons belangrik om openlik bekend te maak dat ons tans met twee spesifieke sinodebesluite probleme ondervind, naamlik:

- die besluit 2009 insake vroue as ouderlinge. Sinode 2009 se besluit is op die Buitengewone Sinode van 2016 gehandhaaf.
- die besluit van 2015 dat die saak van vroue in die amp 'n wesentlike saak is.

En daarom onderneem ons om, afsonderlik of saam met ander kerkrade, die saak kragtens KO Art 31 en 46 op die tafels van die meerdere vergaderings te bring.

Die kerkraad van Wapadrant het reeds in 2006, ná deeglike ondersoek, gebed en oorleg met die gemeente besluit dat roeping tot die amp nie behoort te geskied op grond van geslag nie maar op grond van roeping en gawes. Die besluite deur die sinode in 2009 en 2016 het nie die kerkraad in sy gewete oortuig dat die kerkraad sy besluit moet verander nie.

Ons is deeglik daarvan bewus dat daar onder gereformeerdes (plaaslik en wêreldwyd) twee uiteenlopende standpunte bestaan oor hierdie saak. Ons is van mening dat hierdie twee standpunte bestaan juis omdat die Skrif nie duidelik hieroor uitspraak gee nie, en dat dit dus nie 'n wesentlike saak is in die bepaling van Christen-wees of die gereformeerde dogma nie. Daar is gereformeerde kerkverbande wat op grond van bg. besluit het dat dit 'n saak is wat by die plaaslike kerkraad berus, in ooreenstemming met die presbiteriale kerkregering. Dit is ook die siening van die GK Wapadrant.

Ons beroep ons in ons saak op die NGB Art 7 *(sien onder aan bl. 5)* wat onder andere stel dat die waarheid nie bepaal word deur vergaderings of die meerderheid van stemme nie, maar deur die Woord van God. Aangesien ons in hierdie saak deur die Woord oortuig is van 'n siening wat verskil van die besluitneming van die GKSA Sinode, is ons eerder in ons gewetens gebonde aan daardie Skrifoortuiging as die besluit van die Sinode.

Ons stem saam dat die saak aangespreek moet word in die lig van die bestaande eenheid in ons kerkverband, en daarom onderneem ons om, afsonderlik of saam met ander kerkrade, die saak op die tafels van meerdere vergaderings te bring,

(Vervolg op bl. 5)

o.a. ook die Sinode van 2018. Ons onderneem om, na die beste van ons vermoë, die saak nie kwaadwillig te hanteer of op die spits te dryf nie.

Dit is ons begeerte om in vrede te leef met alle gelowiges, in besonder met ons kerkverband. Ons vertrou biddend dat daar uiteindelik meerdere instemming oor hierdie saak sal wees tussen kerke in die GKSA.

Kerkraad GK Wapadrant

NGB Artikel 7: Die volkomendheid van die Heilige Skrif

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh. 4: 1), en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie..." (2 Joh. :10).

Dit laat my wonder.....

- *Is die kerklike weg slegs daardie weg wat daartoe lei dat alle gemeentes die sinode besluite sondermeer aanvaar of is daar 'n kerklike weg wat ons in liefde en geloof sal laat aanvaar dat ons met mekaar verskil sonder dat dit ons saligheid in gedrang sal bring?*
- *Is dit onmoontlik vir die Heilige Gees om ook vroue tot die ampte te roep?*
- *Hoe is dit moontlik dat vroue in die onderwys gereeld saalopeninge waarneem met skriflesing en gebed, vroue katkisasie gee, bybelstudies lei ens. maar sy mag nie haar gawes in die ampte gebruik nie?*
- *Hoe lank nog sal ons ervaar dat in ons kerkverband, mans oor vroue en namens vroue besluite neem sonder om eers met vroue daaroor te praat en hul standpunt aan te hoor. Is dit hoe Christus ons geleer het om onderling met mekaar om te gaan?"*

Wat laat jou wonder?

Help ons asseblief om die gesprek aan die gang te hou. Deel met ons jou persoonlike ervarings, jou gemeente se besluite en / of standpunte, vrae of gedagtes wat jou laat wonder ens. Laat ons ook weet van iets wat jy dalk raakgelees het wat kan bydra tot die gesprek. Ons sal 'n hiperskakel plaas in die **GESELSBRIEF** *sodat ander dit ook op die web kan lees.*
Net weer ons epos vir alle bydraes:
geselsbrief@gkwapadrant.co.za